

**28 April**

**Skrifgedeelte: Openbaring 4**

**Fokusgedeelte: Openbaring 4:9-11**

**Dank God omdat Hy regeer**

Die hele Openbaring 4 word beheers deur die feit dat God alles regeer. In vers 2 sê Johannes dat hy in die hemel 'n troon gesien het en dat daar iemand op die troon sit. Hy wat op die troon sit, is die Koning van die konings. Hy is die Here God, die Almagtige wat vanaf sy hemeltrou alles regeer en stuur en lei. Al die skynbaar onverklaarbare dinge waarvan ons in die volgende hoofstukke lees, staan onder die regering van Hom wat op die troon sit.

Vir ons lyk die dinge wat op die aarde gebeur, dikwels wanordelik, sinloos en selfs onregverdig. Tog regeer God alle dinge met wysheid en almal volgens sy raadsplan.

Vir hierdie regering van God deur Christus word Hy met dankbaarheid geëer deur die vier lewende wesens as verteenwoordigers van die skepping en die 24 ouderlinge as verteenwoordigers van die kerk. Die kerk en die skepping span saam in die betuiging van dankbaarheid aan God vir sy regering, vir die verlossing deur Christus en vir die troosvolle werking van die Heilige Gees.

Hierdie dankbaarheid vir God se volmaakte regering moet ook deel van ons lewe wees. Eintlik kan die gelowige nie anders as om God saam met die ware kerk en die skepping met dankbaarheid te eer nie, want dankbaarheid teenoor Hom is 'n openbaring van ware geloof, net soos ondankbaarheid 'n openbaring van ongeloof is (Luk 17:11-19).  
*Sing: Psalm 99:1, 2 (1936)*

*Prof PJ de Bruyn (Emeritus)*